

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 28 November 2021**

### **VOTUM EN SEËNGROET::**

Genade en vrede vir julle  
van God ons Vader en die Here Jesus Christus,  
wat Homself vir ons sondes gegee het  
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en  
so die wil van God ons Vader te volbring.  
Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

### **SKRIFLESING EN GEBED:**

**Tema:** Oorwinningslied: "Wow, God is awesome"

**Teks:** Psalm 40

#### **1. PSALM 38: U WEET WAARNA EK SMAG.**

- *Put van die dood.* Die skrywer van hierdie gedeelte het hom ook in die put van die dood met sy slymerige modder bevind. Hy was tot die dood toe siek en hy was nooit sonder pyn nie.
- *Vereensaam.* In dié tydperk het sy familie, vriende en bure hom begin vermy en hy het 'n bittere eensame mens geword, "U weet waarna ek smag Here, my gesmeek is vir U geen geheim nie" (Ps. 38:10)
- *Nabyheid.* Hy het na 'n diepere vorm van "nabyheid" met sy familie, vriende, bure en God verlang.



## 2. PSALM 39: LET OP MY LEWE.

- **Noukeurig.** Hy let noukeurig op sy lewe en hy besef twee dinge: (1) dat die lewe baie kort (vier vingers) is en (2) dat alles wat hy bymekaar gemaak het, totaal futiel was.
- **Hoop.** Maar dan besef hy dat daar hoop is wat sy totale perspektief op sy lewe verander het. (Psalm 39:8) Hy is 'n reisiger en gas in God se heelal wat deur Sy liefde en genade bederf en versorg word.
- **Uit die as.** Uit die as van sy gebroke verhoudings het 'n diepere verhouding met sy familie, vriende, bure en God herrys. Inderdaad, "What you lose in the fire, you'll find in the ashes". (Franse spreekwoord)

## 3. DIE OORWINNINGSLIED VAN PSALM 40

Psalm 40 is die oorwinninglied van die digter waarin hy sy ervarings met medegelowiges deel. Hy het gesmag na God en God het afgebuk en hom gered uit die put van die dood met sy slymerige modder.

- 1) **Afgebuig.** Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor. Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder. (40:2,3a)

### **Jeremia. Put, met slymerige modder.**

- **Sedekia.** Koning Sedekia het op 'n keer opdrag gegee dat Jeremia dood gemaak moes word. Hulle vat hom toe en gooi hom in Malkija se put.
- **Afsak.** Hulle het hom met toue laat afsak in die put waarin nie water was nie, net modder, en hy het in die modder ingesak.



- **Ebed-Melek.** Ebed-Melek, wat in die paleis gewerk het, het gehoor dat Jeremia in die put was. Hy het toe drie manne saamgevat en hy is na die paleis se klerekas toe waar hy stukke klere en vodde, gevat het.
  - **Red uit put.** Hy het dit na Jeremia toe in die put laat afsak met toue en vir hom gesê: “Sit die stukkende klere en vodde onder jou armholtes onder die toue.” Jeremia het dit gedoen en hulle het hom met die toue uit die put getrek. (Jeremia 38:1-13)
- 2) **Rots: Van slymerige modder tot stabiliteit.** Hy het my op ’n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop. (40:3b)
  - 3) **Oorwinningslied.** Hy het my ’n nuwe lied in die mond gelê, ’n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou! (40:4)
  - 4) **Nuutgevonde vertrouwe.** Dit gaan goed met die mens wat sy vertrouwe in die Here stel en hom nie wend tot duister magte en tot mense wat hulle met skyngode ophou nie. (40:5)
  - 5) **“Wow, God is awesome.”** Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem. (40:6)
  - 6) **Nuwe toewyding.** Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê. Daarom het ek gesê: “Hier het ek gekom soos dit in die boekrol (Deut 17:14-20) vir my voorgeskrywe is. Om u wil te doen, my God, is my een begeerte, u woord is my hele lewe.” (40:7-9).



- 7) **Sy verhaal: van slymerige modder tot stabiliteit.** Ek het nie stilgebly nie, Here, U weet dit! Dat U verlos, het ek nie vir myself gehou nie, ek het gepraat oor u trou en u hulp. Oor u goedheid en u trou het ek in die gemeente nie stilgebly nie.
- 8) **God omarm hom.** Moet my tog nie uitsluit van u ontferming (compassion; very tender affection) nie, Here, laat u liefde (unfailing, loyal kind of love) en trou (firmness, stability) my voortdurend bewaak. (40:10-12)

#### **SAMEVATTEND:**

- Sy siekte het hom vervreem van sy familie, vriende, bure en God. Hy het 'n bitter eensame mens geword en het gesmag na 'n diepere vorm van nabyheid.
- God het hom gehoor, na hom afgebuk en uit die put van die dood met sy slymerige modder getrek.
- Psalm 40 is die oorwinningslied van hierdie persoon, wat nie meer in eensaamheid verkeer nie, maar in diepere verhoudings met sy familie, vriende, bure en God staan. **Amen!**

#### **SEËNBEDE:**

<sup>2</sup>Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood,  
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

<sup>3</sup>Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,  
u bystaan uit Sion.

<sup>4</sup>Mag Hy al u graanoffers onthou  
en u brandoffers aanneemlik vind.

<sup>5</sup>Mag Hy u gee wat u hart begeer  
en al u voornemens laat geluk.

<sup>6</sup>Ons sal juig oor u oorwinning  
en in die Naam van ons God  
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra. (Psalm 20)



## OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: [kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

## Vandag se erediens is geborg deur:



**ANNIQUE**  
**rooibos**

Onafhanklike Konsultant  
*Ons skep daaglikse lewensveranderende geleenthede!*

Vir inligting oor Annique produkte,  
maandelikse specials en  
Black Friday specials,  
kontak my!

**Elanza 082 440 8686**

Wil jy 'n ekstra geldjie verdien?  
Geen aansluitingsfoo!  
Geen verpligte maandelikse aankope.  
Kontak my om by my wenspan aan te  
sluit.

